

Inhoud Hierdie preek wys dat ons en ons kinders ingedooop is in Christus en só deel in die seëninge van Christus. Dit wys hoe ons en ons kinders Christus se erfgename is. Ook hoe geestelikes ons kinders se plek in Christus se testament ongeldig probeer maak en Christus se testament vir ons en ons kinders met byvoegings probeer verander. Dit wys hoe hulle hul goeie wense as alternatief stel vir die seëninge van Christus in kinders se lewe.

Skriflesing Galasiërs 2: 15, 16, 19 b – 21; 3: 9, 10, 13, 15, 18, 26 – 28; 4: 3 – 7.

Teks Gal. 3: 27 “want julle wat in Christus gedooop is, het Christus soos ‘n kleed aangetrek.”

Tema Ons en ons kinders trek Christus aan omdat Hy ons in Hom ingedooop het.

1. Ons doop ons kinders met water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Paulus verklaar dat ons in Christus ingedooop is. Paulus bedoel altyd twee sake tegelykertyd wanneer hy verklaar dat ons in Christus ingedooop is. (Rom. 6: 3 -11; Kol. 2: 12 – 15) Die eerste is dat ons in en met water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedooop as teken en ten tweede dat hierdie teken bevestig dat ons met Christus as mens in die hemel so verenig is dat ons ingesluit is alles wie Hy is en wat Hy as mens in ons plek vir ons was en is.

Ons mag nooit hierdie twee sake van mekaar skei nie: om met water gedoopt te wees en om in Christus ingesluit en verenig te wees as mens, dit is, ingedoopt in Christus te wees nie.

Paulus beskryf in die brief Galasiërs hoe ons in Christus ingedoopt is met die sien: “Christus het ons vrygekoop van die vervloeking van die wet deurdat Hy in ons plek ‘n vervloeking geword het, want daar staan geskryf: “Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout opgehang is.” (Gal. 3: 13)

Die sin stel dat die wyse waarop God vir ons sleg moes wees en ons moes sleg behandel het omdat ons sleg is en slegte dinge doen, is die posisie wat Christus vir ons ingeneem het. Vervloek is om sleg te wees en sleg te handel. Hy was deur God die Vader as ‘n slegte mens sleg behandel terwyl Hyself goed was en net goed gedoen het.

2. Die tweede beskrywing van hoe ons in Christus ingedoopt, dit is verenig en ingesluit is, is dat Christus onder die wet as ‘n baba gebore is om ons los te koop sodat ons nie onder die wet gebore word en onder die wet leef nie.

Hoe leef ‘n mens onder die wet? Paulus is in Gal. 3 besig met die uitleg van Deut. 28. Om onder die wet te leef is om met God ‘n kontrakverhouding te hê wat só werk: God sal jou seën as jy gehoorsaam is en God sal jou vervloek as jy ongehoorsaam is. Christus het ons losgekoop van hierdie kontrakverhouding met God.

Dit het Christus gedoen deur ons in te sluit in die seën van Christus. Christus se seën is om die Abrahamsbeloftes van Eseg. 35: 24 – seëninge in ons lewe te maak.

Christus het nie gekom om ander en nuwe seëninge waar te maak so asof God nuwe “specials” met die koms van Christus geloods het nie.

Deur ons in en by Hom as mens in lyf, maak Christus hierdie beloftes seëninge in ons lewe: Hy reinig ons van ons sondes en gee ons die doop as teken dat Hy ons van ons sondes reinig. Hy neem die afgodsdienste in ons harte weg, gee ons 'n hart wat God erken en liefhet en maak dat ons sy gebooie uit liefde gehoorsaam omdat Hy sy Gees aan ons gee om ons in sy liefde te laat leef.

Hoe maak Christus dat God se beloftes seëninge in ons lewe is?

Hy laat God se beloftes as 'n testament werk! Christus maak God se beloftes sy testament en Hy maak ons erfgename van sy testament deur sy dood. Alles wat Christus as mens bewerk het bemaak Hy deur sy testament aan ons met 'n toesegging. Toesegging beteken dat Hy sê God se beloftes is nou my seëninge en dan is dit so net omdat Hy dit so in sy testament sê.

Só! Omdat ons ingesluit is in Christus is ons ingesluit in sy testament. Ons is sy erfgename. Ons erf as God se verbondsbeloftes as seëninge van Christus.

Omdat Christus se testament so sê, erf ons en niemand mag hierdie testament van Christus vir ons ongeldig maak of enige byvoegings of weglatings maak nie. Ons erf al God se beloftes as Christus se seëninge in ons lewe.

3. Is en leef ons babas en kleuters onder die vloek van die wet van God of is hulle en leef hulle in die seën van Christus? Is ons babas en kleuters erfgename van al die beloftes van God en is die beloftes seëninge in hulle lewe?

Die Gees wat Jesus Christus aan gelowige ouers gee, is die Gees volgens die Abrahamsbelofte. (Eseg. 36: 24 -) Die Heilige Gees wat Christus ons gee is altyd die Gees vir ons en ons kinders. Die Heilige doop ons en ons kinders in Christus en maak ons en ons kinders erfgename van God se beloftes volgens die testament van Christus.

Ons kinders is in Christus se testament. So is en leef hulle in die seën van die Here en niemand mag hierdie testament vir hulle ongeldig maak of verander met nuwe byvoegings nie.

Die grootste aanval op ons kinders vandag is geestelikes wat Christus se testament vir hulle ongeldig probeer maak. Hulle betwis Christus se testament vir ons kinders. Hulle verklaar openlik dat hulle nie in Christus se testament kan wees nie want in Christus se testament kan net grootmense wees nie kinders nie. Daarom mag kinders nie erfgename van Christus wees nie, net grootmense kan volgens hulle erf. Dit doen hulle omdat hulle ook nie regtig Christus se testament as toesegging aanvaar nie maar as 'n kontrak wat hulle eintlik moet gee wat hulle verdien het. So maak hulle van Christus se testament eintlik net 'n kontrak vir grootmense wat verdien wat hulle kry.

Hulle maak nie net Christus se testament vir kinders ongeldig nie, maar voeg nuwe bepalings by Christus se testament by wat kinders uitsluit. Om te kry wat Christus

testamentêr aan ons toesê kan jy volgens die geestelikes eers kry as jy tot bekering kom, eers verantwoordelikheid vir jou eie lewe kan neem, God in jou lewe innooi en Jesus aanvaar.

Hierdie byvoeging wat hulle aan Jesus se testament maak, maak dat kinders nie meer ingesluit kan wees in die Here se testament nie.

Volgens hulle leef ons kinders onder die vloek van die wet – as ons kinders ongehoorsaam is sal God vir hulle sleg wees en as hulle gehoorsaam is sal God hulle seën. So leef hulle volgens geestelikes buite die seën van die testament van die Here.

4. Geestelikes verklaar dat ons kinders nie verenig is met Christus en so deel van die seëninge van Christus is nie. Volgens God se Woord moet hulle dan onder die vloek van die wet val. Om hulle kamstig onder die vloek van die wet van God los te kry het hulle 'n nuwe instelling opgemaak – om kinders in te seën. Hulle mag nie gedoop word as teken dat hulle ingesluit is in Christus se seën nie, maar hulle moet nou kamtig ingeseën word.

Ingeseën deur wie en in wat? Deur die mense en in mense se goeie wense! Mense glo as hulle hul goeie wense oor hul kinders uitspreek, sal hulle nie onder die vloek van die wet staan nie, al is hulle nie in Christus ingesluit nie. Christus sluit nie kinders in sy of mense se goeie wense in nie. Christus seën ons kinders met die verbondsbeloftes van God. Buite Christus staan kinders in 'n kontrakverhouding met God en sou hulle ongehoorsaam wees, kan mense se goeie wense hulle nie van die vloek van die wet losmaak nie. Daarom beteken inseëning niks anders as om kinders sterkte toe te wens met hulle kontrak-verhouding waarin God hulle vir hul ongehoorsaamheid gaan vervloek nie. So word kinders met die goeie wense van mense onder die vloek van God ingeseën.

Hoe leef erfgename van Christus?

Paulus beskryf die nuwe lewe om erfgenaam te wees treffend as om Christus soos 'n kleed aan te trek. Hierdie woorde beskryf ons christelike opvoeding van ons kinders wie die Here in homself ingesluit het. Ons as ouers moet self Christus soos 'n kleed aantrek en ons kinders leer om Christus se hul klere aan te trek.

Dit is mos wat ons kinders van geboorte af leef – om nie naak te wees, maar om klere aan te trek. Eers trek ons hulle aan van doeke af tot kinderpakkies en dan leer ons hulle van kleinsaf om hulle ook self aan te trek.

Die klere wat ons en hulle aantrek – is Christus! Ons trek Christus se regverdigheid aan as ons eie – ons glo ons en ons kinders is reg vir God omdat ons ingesluit is in Christus se geregtigheid as mens. Ons trek Christus aan op so wyse dat ons glo ons en ons kinders word nie vir ons sondes gestraf, veroordeel of vervloek nie. Deur ons kinders te leer dat hulle nie gestraf word vir hul sondes maar altyd reg is vir God se liefde, leer ons hulle om Christus soos 'n kleed aan te trek.

5. Dit is hoe ons en ons kinders Christus aantrek omdat ons in Hom ingedoop is: in alles wat ons verkeerd doen, is ons lewe vir God reg en kan ons aanhou om vir God te leef, en in alles wat verkeerd in onself neig, kan ons aanhou sukkel om vir God te

leef omdat ons vir sy liefde geheilig is. Mag ons in die geloof leef die Here sal ons seën. Sy seëninge is ons erforsie deur sy dood vir ons sondes. God sal vir ons goed wees en met ons goed doen, deur al ons sondes heen.

Omdat ons Christus só aantrek en ons kinders leer om Hom só aan te trek, is ons gefokus op die nuwe geleenthede om God te kan dien en nie op die sondes wat ons gedoen het nie. Is ons gefokus op die toekoms van God se goedheid en nie op die sondes van ons verlede nie.

Ons kinders is die Here se kinders en nie slawe kinders nie.

'n Mens sien dit partykeer nog in ons omgewing – arbeiders laat hulle kinders kaal rondloop! Hulle leer nie hulle kinders om klere aan te trek nie. Dit is hoe geestelikes met ons kinders wil maak wanneer hulle hul erforsie in Christus ongeldig probeer maak en hulle nuwe geestelike reëls vir kinders in die testament van Christus probeer inskryf. Hulle wil ons kinders ontklee om sonder Christus kaal rond te loop. Kaal in hulle sondes en hulle vervloeking onder die wet van God. Kinders, ingeseën om ontklee van Christus te leef!

Daarom doop ons ons kinders. Hulle is ingesluit in Christus en hulle name is in die testament van Christus. Sy regverdigheid en heiligheid as mens is hulle erfenis. Christus het dit aan hulle toegesê en so is al God se beloftes die Here se seëninge in hulle lewe.

Ons trek Christus elke dag as ons kleed aan en leer ons kinders om dit ook te doen – om te leef vir God omdat ons vir sy liefde reg en heilig is ten spyte van ons sondes en sondigheid. So leef ons saam gefokus om ons toekoms met die Here en los ons ons sondes in die verlede, die verlede van Christus wat dit met sy lyding, kruis en dood verreken het. Ons sondes is Christus se verlede en ons diens en toewyding is Christus se toekoms. Ons is ingelyf en verenig met die Here Jesus Christus – dit bevestig ons doop met water in die Naam van die vader en die Seun en die Heilig Gees.

Ons doop ons kinders as erfgename van die seëninge van Jesus Christus. Ons seën hulle nie met ons goeie wense onder die vloek van God se wet in nie.